Woensdag **21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Markus 5:1-20**

**Fokusgedeelte: Markus 5:1-20**

**Varke tel, of dienskneg van die Koning?**

Ontwrigting is kenmerkend waar koninkryk en wêreld mekaar ontmoet. Mense word uit hulle rustige bestaan geruk en gedwing tot keuses wat nie sonder gevolge is nie.

In hierdie verse hoor ons van die oorwinning van die Lig oor duisternis. Opvallend is egter die verskillende reaksies op die gebeure. Die inwoners van die omgewing sien die deurbraak van die koninkryk raak in hierdie man wat 'n verskrikking was in die omgewing. Hulle sien die krag van Jesus, maar hulle reaksie is vrees. Daarom smeek hulle Hom om uit hulle gebied uit weg te gaan. Hulle is meer begaan oor die varke wat hulle verloor het, as oor die seëninge van die koninkryk wat in hulle midde teenwoordig is.

By die besetene wat van die legioen duiwels verlos is, is daar blydskap. Hy vereenselwig homself ten volle met die koninkryk en smeek vir Jesus om saam met hom te gaan. Volledige vereenselwiging bring ook gehoorsaamheid. Hy ontvang 'n opdrag en gehoorsaam dit.

Die koninkryk het in ons tyd vir baie 'n verleentheid geword. Sommige mense sou verkies om geen keuse te maak nie. Dan kan elkeen mos voortgaan met sy eie lewe en doen wat hy graag wil doen. Op dié manier is hulle egter besig om die verlies aan varke belangriker te ag as geestelike wins.

Besef dat God elke gelowige in hierdie wêreld wil gebruik. Hy neem ons nog nie saam met Hom nie, maar stuur ons na ons eie omgewing. In hierdie opdrag is daar geen ruimte vir 'n keuse nie. Óf die koninkryk is vir jou 'n verleentheid, óf dit is 'n geleentheid tot diens.

Tel jy varke of dien jy die Koning?

*Sing: Psalm 105-1:1, 2*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*